DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief
van die
BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE
Posbus 340, Fontainebleau, 2032
Tel: (011)793-7271 Sel: 082 921 0344
Web bl: www.users.lantic.net/jverm

Jaargang 3: 2003/2 Julie 2002

A. SYBRAND JOHANNES VERMEULEN

Die dorp Bredasdorp – in die Overberg - is in 1838 gestig deur Michiel van Breda. Michiel was die eerste Burgemeester van Kaapstad en skynbaar die eienaar van die plaas Soetendalsvlei, Caledon.

Sybrand is op Stellenbosch gedoop op 1777-01-26. Hy is te Napier oorlede op 1855-06-22. Sybrand tree op 1807-04-05 te Stellenbosch in die huwelik met Susarah (Sara) Johanna Matthee. Sy is gedoop op 1791-02-13 en oorlede te Halfjarenskraal op 1868-11-05. Sybrand en Susarah het 13 kinders gehad.

Volgens die rekords van die aktekantoor te Kaapstad, is die plaas Dirk Uyskraal, Bredasdorp – groot 4057 morg – op 1839-10-15 aan Sybrand Johannes Vermeulen en Dirk Gysbert van Breda toegeken – een helfte aan elk.

Die Meulenaar wonder of Dirk Gysbert en Michiel – die stigter van Bredasdorp – verwant was?

Daar word vermoed dat weidingsregte op Dirk Uyskraal reeds voor 1839 aan Sybrand en Dirk verleen is en dat Sybrand reeds voor 1839 daar woonagtig was. Die plek van geboorte van van Sybrand se kinders word aangedui as Dirk Uyskraal.

Sybrand se oudste dogter, Elizabeth Maria (Johanna) gedoop 1808-09-04, tree op 1832-07-15 te Caledon in die huwelik met Johannes Bernardus Swart

gedoop 1788-07-03. Johannes 44 en Elizabeth 24 jaar oud. Johannes se eerste vrou is tussen 1828 en 1832 oorlede. Deur die huwelik is Elizabeth skielik 10 kinders ryker (Johannes se kinders uit sy eerste huwelik). Die ouderdomme van die kinders wissel vanaf 24 jaar (net so oud soos Elizabeth) tot 4 jaar.

Johannes en Elizabeth vestig hul na die huwelik ook op Dirk Uyskraal en boer saam met Sybrand Vermeulen. Dit is nie bekend of Elizabeth lief vir kinders was nie, maar tussen 1833 en 1852 het sy en Johannes Swart 'n verdere 9 kinders. Hul het nou 19 kinders wie se geboortedatums wissel tussen 1808 en 1852. (Johannes in 1852 reeds 64 jaar oud en Elizabeth 44).

Op 1837-03-04 vind daar te Caledon 'n dubbele huwelik plaas. Johannes Swart se 2 kinders uit sy eerste huwelik nl. Johannes Bernardus (Jnr.) gebore 1817-02-19 en Lovina Catharina gebore 1818-11-19 tree met 2 kinders van Sybrand Johannes Vermeulen nl. Susara (Sara) Johanna gebore 1811-07-01 en Christoffel Johannes gebore 1813-06-02 in die huwelik. In die proses word Elizabeth – hul suster – ook Susara (Sara) en Christoffel Johannes se skoonma!

Die skoonma – en skoonpa – pla niemand nie, want Johannes Swart (Jnr.) vestig hom ook op Dirk Uyskraal. Johannes (Snr.) en Johannes (Jnr.) boer nou saam met hul skoonouers – Sybrand Vermeulen en Susara Matthee. Volgens die kerkrekords, het Johannes (Snr.) en Johannes (Jnr.) per geleentheid gelyktydig kinders laat doop. Johannes (Jnr.) en Susara (Sara) Johanna het 9 kinders gehad.

Christoffel Johannes Vermeulen en Lovina Catharina Swart bring ook hul kant met 11 kinders.

Op 1847-01-11 vind daar te Bredasdorp 'n verdere huwelik plaas en wel tussen Petrus Gerhardus Swart gebore 1826-12-06 en Fransina Elizabeth Vermeulen gebore 1826-12-06. Ja u het reg geraai. Hul is die kinders van onderskeidelik Johannes Swart (Snr.) en Sybrand Johannes Vermeulen!! Petrus en Fransina vestig hul op Hartebeesrivier, Caledon. Die egpaar het 10 kinders gehad.

Die Meulenaar wonder hoe Susara (Sara) Johanna, Christoffel Johannes en Fransina Elizabeth Vermeulen hul skoonma Elizabeth Maria (Johanna) – hul suster – aangespreek het?

Volgens die geslagsregister van die familie Swart stam baie van die Swart nasate in Marico, Edenville en Rhodesië (Zimbabwe) van Johannes Swart (Snr.) af. Sy nageslag word ook geag as die grootste van die agtiende-eeuse Swart vangenote. Nog 'n seun van Johannes – Jacobus Johannes – was 2 keer getroud en woonagtig te Kleinzevenfontein, Smithfield. Volgens sy grafskrif, het hy 23 kinders gehad!

Die Vermeulens-kinders van Sybrand Johannes en Susara (Sara) Johanna Matthee – se "rol in Johannes Swart (Snr.) se rekord nageslag", moet egter nie gering geskat word nie.

B. NAVORSERS VAN VERMEULEN GESLAGSREGISTER

Die vraag word dikwels gevra: Wie is die persone wie hierdie enorme taak aangepak het? Die Meulenaar stel hul graag bekend aan u:

B1. JOHANNA ADRIANA FRANCINA VERMEULEN (GEBORE DU TOIT), NABOOMSPRUIT – LID D11.

Johanna – algemeen bekend as Hannetjie – vertel soos volg:

"My navorsing oor die familie het glad nie eers begin met die Vermeulens nie. Na my 2de seun – Johannes Petrus (Johan) – se dood op 2 Oktober 1984, was ek baie depressief. My man het toe op 'n dag by die huis gekom met 'n klompie foto-albums, waaronder een baie spesiaal. Hy stel toe voor dat ek al die foto's wat in dose en blikke weggepak is, uitsorteer en vir elke kind 'n album saamstel vanaf sy eerste fototjie tot op datum en dat ek die spesiale album moet gebruik vir Johan se foto's. Ek het maar traag begin maar weldra was ek so verdiep daarin dat die eetkamer letterlik toe onder foto's was. My eie uitgesorteer met name en datums van geboorte en datums wanneer die foto's geneem is en van al die plekke waar ons gewoon of besoek het, het ek met my oorlede moeder se foto's begin. Hier het ek probleme opgetel. Baie foto's het name opgehad maar die meeste was absoluut vir my duister. Dit was foto's van familie – aan my onbekend. Ek het toe begin belangstel in die Du Toit voorgeslagte gevolg deur die Bothas. Hierdie soeke na voorgeslagte was soos lekkerjeuk, hoe meer jy krap, hoe meer jeuk jy en hoe lekker krap jy weer. Die volgende stap was vanselfsprekend die Vermeulens – my man was immers een nl. Giliam Johannes Vermeulen. Ek glo dat daar sekere eienskappe is wat deur voorouers van geslag tot geslag oorgedra word om die mens wat jy is te help "maak" (vorm).

My navorsing het hoofsaaklik behels:

- Besoeke aan argiewe te Pretoria en Kaapstad.
- Besoeke aan kerkargiewe.
- Besoeke aan begraafplase.
- Omsendskrywes aan Vermeulen afstammelinge.
- Sterfkenisse uit boedelleêrs.
- Skrywes aan Vermeulen afstammelinge.

Daar was egter nooit **genoeg** tyd om die reusetaak te "voltooi" nie.

Op die 13de September 1996 is my eggenoot Giliam Johannes oorlede. Daarna het ek my navorsing om verskeie redes afgeskaal.

Gedurende 1997 skenk ek al my navorsing oor die Vermeulens aan Johan en Izak Vermeulen met die vaste oortuiging dat hul dit verder sal voltooi."

Tydens die stigtingsvergadering van die Bond van die Vermeulen Familie gehou op 20 Maart 2000, word Hannetjie aangewys as 'n bestuurslid van die Bond vir die periode 2000/1.

B2. JOHANNES PETRUS VERMEULEN, KLERKSDORP – LID J14.

Johannes – algemeen bekend as Johan – vertel soos volg:

"'n Geslagsregister, waarin die twee Vermeulen stamvaders se nageslag uiteengesit word behoort binne 'n jaar of twee gereed te wees vir publikasie.

Dit word beoog om, veral van die ouer persone se foto's, asook gebeure van geskiedkundige belang, daarin te vervat.

Die geslagsregister het soos volg tot stand gekom:

1. Gedurende die jare 1988/89 stuur mev. JAF (Hannetjie) Vermeulen, destyds van Pietersburg, skrywes uit na Vermeulens in Suid-Afrika met die doel om soveel inligting moontlik van hulle te bekom ten einde 'n Vermeulen familieregister saam te stel.

2. Ek ontvang een van Hannetjie se skrywes en stel vir haar 'n inligtingstuk saam met die kennis waaroor ek op daardie stadium beskik. Tot my skande ontdek ek dat ek oor weinig inligting van, veral die ouer geslagte (my grootouers en verder) beskik. Ek stuur dit waaroor ek beskik aan Hannetjie. Sy rapporteer terug dat 'n Vermeulen met die besonderhede van my oupa, soos deur my verstrek, nie opgespoor kan word nie. Ek

besluit om self in die verlede te begin delf ten einde te bepaal wie my voorgeslagte was.

3. Deur middel van familielede bekom ek 'n beknopte stamregister van die Vermeulens saamgestel deur Cornelis (Cori) Ham, destyds van Huis Lettie Theron op Hermanus. (Sy ouma was 'n nooi Vermeulen). Jan Willemz Vermeulen se nageslag word in ses bladsye en die van Dirk Cornelisz Vermeulen, in twee bladsye uiteengesit. Uit die dokument kon ek die volle name en sterftedatum van my oupa Johannes Petrus Hendrikus Vermeulen bekom.

4. Met my oupa se volle name as vertrekpunt, begin ek daadwerklik inligting oor my direkte familielyn inwin. Spoedig besluit ek om verder uit te brei en die totale nageslag van Jan Willemsz Vermeulen se besonderhede te bekom.

5. In die vyfde geslag van Jan kom voor 'n Christoffel Johannes Vermeulen wat in die huwelik tree met Sara Johanna Smal. Hul vierde kind was Johannes Urbanus Vermeulen. (Hy is die Vermeulen wat kan spog met die grootste getal kinders). Een van sy kleinkinders, Philippus Rudolph Vermeulen, se dogter Johanna Elizabeth (Babs/Baby) Vermeulen trou met Jacob Ehlers. Sy stel 'n geslagregister van Johannes Urbanus Vermeulen met sy totale nageslag, ook die vroulike Vermeulens se nageslag, saam. Hierdie geslagregister stel sy in 1989 aan die nageslag beskikbaar. Met bepaalde byvoegings en regstellings kon ek die inligting, vervat in die register, in my navorsingstuk opneem.

6. Gedurende 1996 raak my broer, Izak Stefanus Vermeulen, aangesien hy op daardie stadium reeds afgetree het, feitlik voltyds by die navorsing betrokke. In dié jaar spoor ons ook vir Hannetjie Vermeulen, wat intussen na Naboomspruit verhuis het, op. Sy skenk aan ons al die inligting wat sy in verband met die Vermeulens versamel het. Met Hannetjie se inligting kon ons 'n redelike raamwerk van Dirk Cornelisz Vermeulen se nageslag vorm en kon ons begin om ook sy nageslag volledig na te vors.

Die navorsing behels dat ons:

- Reeds etlike honderde briewe en navrae uitgestuur het, asook telefoonoproepe gemaak en nog steeds moet maak. Ongelukkig reageer sommige persone nooit of maak hulle beloftes wat nie nagekom word nie. In uitsonderlike gevalle wil lede van die nageslag geen inligting oor hulself verskaf nie.

- Besoeke aflê by argiewe, kerkkantore ens. Honderde ou registers en/of mikrofilms deurwerk. Handskrifte in die ou registers met groot inspanning probeer ontsyfer.

- 'n Paar duisend afskrifte/afdrukke van dokumente wat bestaan uit o.a. sterftekennisse, huwelik- en doopsertifikate versamel het en nog steeds aanvra uit die onderskeie argiewe, kerkkantore, ens. Hierdie dokumente met handtekeninge van ons ontslape voorouers sal deur Die Bond van die Vermeulen Familie vir die nageslag bewaar word.

- Ander families se geslagsregisters en geskiedenisboeke deurwerk ten einde verbintenisse met Vermeulens te bepaal.

- Die afgelope twee jaar, ure op die internet deur te bring ten einde inligting wat op die netwerk beskikbaar is deur te werk op soek na Vermeulen inligting.

- Kontak op 'n daaglikse basis te maak met lede van 'n Suid-Afrikaanse asook 'n Nederlandse Genealogiese Forum op die internet. Die Suid-Afrikaanse Forum bestaan uit nagenoeg 300 persone wat almal by familie navorsing betrokke is en word inligting uitgeruil.

- Daagliks ure spandeer aan wysigings en toevoegings tot die bestaande register.

Aanvanklik is alles met die hand geskryf en dan deur verskeie tiksters, van wie ons oor die jare gebruik gemaak het, getik. Telkens moes byvoegings en wysigings gedoen en die register oorgetik word.

'n Rekenaarprogram is hierdie jaar, 2002, bekom en is die inligting van Jan Willemsz Vermeulen se nageslag reeds op die program geplaas. Wysigings en toevoegings kan nou sonder meer aangebring word. Die program stel ons ook instaat om verskeie tipe verslae te kan saamstel.

Ek en die ander wat by die navorsing betrokke was, het oneindig baie tyd gespandeer en kostes aangegaan om die Vermeulen inligting te bekom, dit te orden en vir die nageslag in 'n geslagsregister vas te lê.

Al wat ons vra is dat wanneer die Vermeulen Geslagsregister beskikbaar gestel word, u dit sal aankoop en verseker dat dit na u nageslag oorgedra gaan word."

Johan was een van die stigterslede van die Bond van die Vermeulen Familie. Op die stigtingsvergadering word hy verkies as 'n bestuurslid van die Bond vir die periode 2000/1. Hy word ook aangewys as Voorsitter van die bestuur. Hy dien sedertdien op die bestuur – as Voorsitter.

B3. IZAK STEFANUS VERMEULEN, RANDBURG – LID J12.

Soos genoem in B2 is Izak sedert 1996 betrokke by die navorsing. Hy vertel soos volg:

"Na my aftrede in 1996, versoek my broer Johan – B2 – my om hom te help met die navorsing. In die begin het dit my geensins geval nie. Om myself besig te hou, help ek onwillig. Na ± een jaar het die gogga my ook gebyt en was ek op stadiums bykans voltyds besig met navorsing.

Nadat ons Hannetjie se inligting bekom het, was dit my taak om veral Dirk Corneliszoon se afstammelinge te konsolideer. Na die konsolidasie, beslaan die geslagsregister ongeveer 130 getikte folio bladsye!

Sedertdien het ek en Johan onverpoosd gewerk en beslaan die register huidig reeds 400+ bladsye."

Izak was ook een van die stigterslede van die Bond van die Vermeulen Familie. Op die stigtingsvergadering word hy ook verkies as 'n bestuurslid van die Bond vir die periode 2000/1. Hy dien sedertdien op die Bestuur en is o.a. verantwoordelik vir Die Meulenaar en die administrasie van die Bond.

C. LIDMAATSKAPAANGELEENTHEDE

C1. ALGEMENE LEDEVERGADERING

Die tweede Algemene Ledevergadering van die Bond van die Vermeulen Familie is gehou op 2002-05-18 te Randburg. 21 Lede was teenwoordig of is verteenwoordig. 'n Verdere 7 familielede / vriende was teenwoordig. Die volgende belangrike besluite is o.a. geneem:

C1.1 DIE BESTUUR VIR 2002/3

Die dienende bestuur is weer genomineer. Geen nuwe lid is genomineer nie. Die bestuur vir 2002/3 is dan ook onveranderd verkies tot die volgende Algemene Ledevergadering in 2003. Die bestuur is :

1. Anna Susanna Fourie, Takdam, Vanwyksvlei, 8922 – Lid J2.

2. Izak Stefanus Vermeulen, Rooibokweg 14, Robinhills, Randburg, 2194 – Lid J1
3. Johannes Vermeulen, Robbenweg 6, Melkbosstrand, 7441 – Lid D10.
4. Johannes Petrus Vermeulen, Hobsonstraat 1, La Hoff, Klerksdorp, 2571 – Lid J

Johannes Petrus – Lid J14 – is herkies as Voorsitter.

Vir volledige pensketse van die Bestuur word u verwys na Die Meulenaar Jaargang 2002/2 van Julie 2001.

C1.2 GESLAGSREGISTER

Die Voorsitter het gerapporteer dat die insleutelwerk huidig gedoen word en dat na dit voltooi is, die register meer as 400 bladsye sal beslaan. Lede se menings is getc oor wanneer hul meen die mees geskikste datum sou wees om die registe publiseer. Die volgende menings is uitgespreek:

- Dat lede van die Bond op een of ander wyse bevoordeel moet word teenoor lede.

- Dat ons onsself sou bluf as ons 'n "onvolledige" register sou publiseer en dit na 3 jaar opvolg met 'n opgedateerde weergawe en dan glo dat diegene wie voorh 'n register aangeskaf het, die opgedateerde weergawe ook sal aanskaf.

- Dat die register nooit "volledig" sal wees nie.

- Dat daar nogtans gepoog moet word om die register so volledig moontlik te Die navorsers sal ons hierin leiding moet gee.

- Dat ons ietwat in 'n skaakmat situasie verkeer. Die navorsers – sien B2 en B3 toevallig ook die Bestuur van die Bond, die Voorsitter, die redakteur van Meulenaar en hanteer die administrasie van die Bond! Navorsing kan dus net 'n beperkte skaal plaasvind, tensy van genoemde take deur ander lede oorgene kan word.

Na bespreking word besluit:

Dat die voorsitter tydens die Algemene Ledevergadering gehou te word in 2003 rapporteer oor die vordering met die geslagsregister en bestuur se mening publikasie daarvan. Vergadering sal dan daaroor besin.

C1.3 LEDE

Die volgende lede / vriende se lidmaatskap is op 2002-02-28 beëindig:

- Barend Daniel Vermeulen, Nylstroom – Lid D43.
- Cornelis Johannes Barnard, Pretoria – Vriend D1.
- Daniel Gerhardus Johannes Vermeulen, Gansbaai – Lid J23.
- Hendrik Christoffel Vermeulen (Jnr.), Pretoria – Lid J26.
- Jacobus Hendrik Vermeulen, Tokai – Lid J28.
- Jan Albert Vermeulen, Pretoria – Lid D50.
- Marthinus Joachim Vermeulen, Riversdal – Lid D27.

C2. NUWE LEDE / VRIENDE

C2.1 LEDE

Sedert ons vorige nuusbrief, is vier aansoeke om lidmaatskap ontvang. Al die aansoekers is as lede toegelaat. Ons wil u hartlik welkom heet as lede van die Bond. Die Meulenaar vertrou dat ons verbintenis tot wedersydse voordeel sal wees.

C2.1.1 AFSTAMMELINGE VAN DIRK (CORNELISZOON)

	Naam	Adres	Tel
27	Mnr Johan Vermeulen	Posbus 4409, TYGERVALLEI, 7536	(021) 919 2849
43	Mnr Mauritz du Plessis Vermeulen	Posbus 6404, OBERHOLZER, 2502	(018) 788 6420
50	Me Valmay Zöttl (gebore Vermeulen)	17de Laan 4, Boston, BELLVILLE, 7530	(021) 945 3840
61	Mnr Gert Cornelius Adriaan Vermeulen	Douglas weg 20, OBERHOLZER, 2502	(018) 788 6415

C2.2 VRIENDE

'n Verdere aansoek om toelating as 'n vriend van die Bond is ontvang. Die aansoeker is aanvaar en word ook hartlik verwelkom.

C2.2.1 AFSTAMMELINGE VAN JAN (WILLEMZOON)

	Naam	Adres	Tel
5	Me Luzanne Schoeman	Deodar Straat 16, Lindhaven, ROODEPOORT, 1724	(011)766 1479

C3. VERMEULEN STREEKBYEENKOMS

Die volgende streekbyeenkoms word gehou te CARLETONVILLE op 2002-09-07.

C3.1 DOELWIT

Om lede in te lig oor die vordering van die Bond. Lede se insette te kry, nie-lede – wie kwalifiseer vir lidmaatskap – te werf en familiebande te bevorder.

C3.2 WIE MAG BYWOON

Alle lede, hul gades en gesinslede. Familielede – wie afstam van die twee stamvaders – is eweneens welkom.

Alle Vermeulen afstammelinge van die twee stamvaders, hul gades en gesinslede (nie-lede).

C3.3 WAAR

Lomatistraat 12, Carletonville, Gauteng.

C3.4 WANNEER

Op 2002-09-07 om 10h00.

C3.5 KOSTE

Die registrasiefooie bedra R10 per persoon. Die registrasiefooie word gehef om by te dra tot die volgende uitgawes:

- Koffie / Tee / Melk
- Huur van stoele
- Huur van koppies en pierings
- Kole
- Uitnodigings

C3.6 BESPREKING

Dit sal waardeer word as u ons **voor die 30ste Augustus 2002** in kennis sal stel of u, en indien wel, hoeveel persone die byeenkoms gaan bywoon ten einde ons in staat te stel om die nodige reëlings te tref.

C3.7 PLEK / AANWYSINGS



C3.8 PROGRAM

10h00 Registrasie / Koffie / Tee

10h30 Verwelkoming
Opening
Stamvaders
- Oorsig

Geslagsregister
- Vorderingsverslag

Algemene Bespreking
Bond van die Vermeulen Familie
- Doelwitte
- Vorderingsverslag
- Bondwapen / Familiewapen

12h00 Bring en Braai (eie spys, drank en eetgerei)

L.W. **Kole en roosters sal voorsien word.**

C3.9 KONTAKPERSONE

- Albie Vermeulen Tel. (018) 788 6420
  Sel. 082 876 5573

- Izak Vermeulen Tel. (011) 793 7271
  Sel. 082 921 0344

- Johan Vermeulen Tel. (018) 468 1473
  Sel. 083 627 0573

D. HET U GEWEET?

1. Dat Irene Vermeulen – Lid J38 -, Louis Casper Vermeulen – Lid J30 -, Sophia Magrieta Smit – Lid J19 -, Estelle Prinsloo – Lid J36 – en Hendrik Johannes Albertus Vermeulen – Lid J37 – afstammelinge van Sybrand Johannes Vermeulen – A – is.

2. Dat Pieter Casparus Vermeulen gebore 1925-03-10 in 1950 – toe 'n span atlete van die V.S.A. in S.A. kom deelneem het – Springbokkleure in atletiek verwerf het (paalspring).

3. Dat Pieter (D2) se seun, John Preiss Vermeulen, in 1972 – met die eerste veelvolkige atletiekbyeenkoms – Junior Springbokkleure in atletiek verwerf het (paalspring).

4. Dat Jean-Pierre Vermeulen – Lid D51 – (ook 'n seun van Pieter Casparus (D2)) W.P. kleure in atletiek verwerf het en ook S.A. se meesterskampioen was. Beide prestasies ook in paalspring!

E. ADVERTENSIES

E1.

DIE MEULENAAR
POSBUS 340, FONTAINEBLEAU, 2032
TEL: 011-793 7271

KOPIEë VAN VORIGE UITGAWES IS TE KOOP TEEN R10 PER KOPIE. PLAAS U BESTELLING BY BOGENOEMDE ADRES. BETALING MOET U BESTELLING VERGESEL.

E2. DIE BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE BIED DIE VOLGENDE AANDENKINGS TE KOOP AAN:

E2.1 DRANK (WYN)

Die etikette – op die bottels - vertoon die Bondnaam, Streekbyeenkoms Gansbaai en die datum 2000-12-16/17 (in kleur). Soortgelyke etikette vertoon die streekbyeenkomste te Carnarvon, Pretoria en Carletonville. Prys R25 per bottel.

U kan ook die etikette bestel en self op 'n bottel van u keuse aanbring. Etiket alleen : R10 elk.

E2.2 GLASE

Die glase vertoon die Bondnaam sowel as die Bondwapen. Dit is gegraveer op die glase.

- 500ml bierbeker R22 elk
- 400ml (bier)glas R17 elk
- 690ml bierglas R20 elk

Plaas u bestellings by:

- Izak Vermeulen Tel. (011) 793-7271. Sel 082 921 0344.
- Johan Vermeulen Tel. (021) 553-1885.
- Anna Fourie Tel. 0533832 vra vir 2221.
- Johan Vermeulen Tel. (018) 468-1473. Sel 083 627 0573.

E3. MAAK 'OS SPESERYE

Speserye / kruie sout vir veeldoelige gebruike in die kombuis en braaie. Ideaal vir braaivleis, hoenderbraai, visbraai, potjiekos, frikadelle, bredies, slaaie en groente.

BESTANDDELE: Tafelsout, Suiker, Gegeurde speserye, Kruie en Mononatrium Glutamaat.

VERVAARDIG DEUR: MAAK 'OS SPESERYE, VENTERSDORP

VERSPREIDER: ALBIE VERMEULEN, CARLETONVILLE
TEL. (018) 788 6420
SEL. 082 876 5573

KOSTE: R8 PER 400g BOTTEL

F. ALGEMEEN

Lede word asseblief versoek om:

(i) Familie aan te moedig om ook lede van die Bond te word (slegs lede sal geregtig wees om die beplande geslagsregister aan te koop en die Bondwapen te gebruik).

(ii) Klein advertensies oor dienste wat uself/u bedryf aanbied in te stuur vir publikasie. (Die diens is huidig gratis. Bestuur behou egter die reg om die volume per uitgawe te beperk en om die advertensies te wysig (verkort)).

(iii) Enige interessantheid aangaande die Vermeulen familie in te stuur vir publikasie. (Bestuur sal weereens eie oordeel oor publikasie/verkorting gebruik).

(iv) Ons webruimte te besoek vir verdere inligting oor die Bond.

(v) Voorstelle in te stuur oor onderwerpe ens. vir oorweging deur Bestuur.

(vi) Alles in u vermoë te doen om die Streekbyeenkoms te Carletonville op 2002-09-07 by te woon.

HARTLIKE VERMEULEN GROETE